# Waterkruik

Die Gereformeerde Kerk WATERKLOOFRAND

JAARGANG 65 NO 14 5 April 2026


Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENS VOLGENDE SONDAG

Ds. Lourens du Plessis lei volgende Sondagoggend se erediens

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie

***By die deure:***
**Emeritaatsversorging**
Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

## DIENSBEURTE

**Sondag 5 April**
**Oggend: Wyke 24 & 25**
*Oudle:* Hennie du Plessis
Leendert Snyman

*Diakens:* Anton de Jager
Francois de Kock
Herman Bonnet
Herman van Heerden



**Aand: Wyke 26 & 27**
*Oudle:* Theuns van Wyk snr
Jaco du Plessis
*Diakens:* Hanno Steenkamp
Christiaan Oosthuizen

## BYBELSTUDIE

Die Bybelstudie open weer op Donderdag 9 April 2026.

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 25 & 28 o.l.v. Corinne Coetzer en Verdi Snyman nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Donderdag 9 April:**
**09:30** Bybelstudie

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder."*
*Jesaja 12: 2b*

*Sondag 5 April*
Tiaan Esterhuizen 082 824 7297
Heinrich Keyser (7) 083 450 1975

*Dinsdag 7 April*
Miné d'Assonville 072 341 1943

*Woensdag 8 April*
Tertius Esterhuizen (7) 082 824 7297

*Donderdag 9 April*
Therese Cilliers 066 222 1169

*Vrydag 10 April*
Jaco du Plessis 083 410 3226
Anne-May Fogwill 072 100 2619
Nicola Hoffman 084 372 8874
Anro Vorster 081 389 3465

*Saterdag 11 April*
Daleen Hoogenboezen 082 367 0144
Anet le Roux 066 542 1274
Alize Tredoux 082 553 0192

## MEELEWING

Met hartseer maak ons bekend dat sr. Annette de Bruyn (87) Maandagnag in haar slaap oorlede is. Sy was die laaste paar maande baie swak. Ons bid haar kinders en familie die vertroosting van die Heilige Gees toe in hierdie hartseer tyd.

*Roe Venter* is nog steeds in die hoësorgeenheid van die ZAH maar dit gaan gelukkig steeds beter. Ons bid hom en An, wat hom so liefdevol versorg, krag en genade toe vir elke dag en dat hy gou weer tuis mag wees. 079 679 0002

*Jannie Erasmus* is nog steeds in die hoësorgeenheid in Belville waar hy behandel word vir 'n bakteriële infeksie. Mag jy elke dag God se genade ervaar. 082 437 7188

Ons innige meegevoel met *Wilco* 072 464 7773 en *Hanlie* 072 464 7773 *Louw* Wilco se pa is Donderdagoggend oorlede. Ons bid julle en julle familie die vertroosting van die Heilige Gees toe in hierdie hartseer tyd.

Hartlik geluk aan *Dries Jansen van Vuuren* 072 437 4724 en *Christina Rossouw* wat Saterdag 4 April in die huwelik tree. Ons bid julle die Here sy rykste seën toe op hierdie verbintenis. Mag julle lank en gelukkig saam wees.
*(Dries het onlangs na ons gemeente gekom en Christina sal later in ons gemeente opgeneem word)*

*Dries 082 561 6393 en Rolene Krűger 082 887 5284* se oudste seun Braam (40) is Donderdagnag oorlede. Ons bid hulle en hulle gesin die vertroosting van die Heilige Gees toe in hierdie hartseer tyd. Mag God julle vashou in die holte van sy Vaderhand en julle vertroos en vertrek.

*Ds. Lourens en Marilena du Plessis*
083 259 9551 se skoonsuster is die afgelope tyd oorlede. Mag die Here julle vertroos en versterk.



*"Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie. 28Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe. " Johannes 14:27 & 28*

## BEROEPENUUS

***Beroepe aanvaar***

Ds FF (Frikkie) Deysel van GK Venterstad na GK Odendaalsrus


## KUIERKAFEE

Kuierkafee kuier weer Dinsdag

14 April om 9:30 in die saal. Teken solank die datum in jou dagboek aan.

## *PROGRAM VIR APRIL*

9 April: Bybelstudie open
12 Aril: Katikisasie open
13 April: Klassis Oostelike Pretoria
14 April: Jeug van Gister
23 April: Diakensvergadering




## ***TUINGRAF***

*Dit was nagdonker in die graf.*
*Die klip sekuur en stewig vasgerol.*
*.... die tombe is verseël*
*asof die helse stryd daarbinne die wat daarbuite was, nie skeel.*
*Vanuit die donker, muf, kokon van graf, daal vlekkeloos en wit, die Lam na Hel se dieptes af.*
*Die volk het diep geslaap, gerus .... gewetes goed gesus, want Barabas is vry, behalwe sy*
*wat deur die nag geween het terwyl sy balsem voorberei.*
*En toe sy in die oggend-gloed*
*die voetpad na die tuingraf vat kon sy haar Heer nie kry !*
*Die angs het haar laat struikel-draf*

*tot binne-in die leë graf.*
*Daar buite het die Lam gestaan*
*onoorwonne .... Rein in majesteit en krag*
*want Dood en Hel en Donkerte*
*die alles het Hy weggevat en maak Hy donker Doodsvallei*
*'n Klaarbetaalde Huistoe pad.*

*Onbekend*







## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No.
9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**

Snap here to pay

SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**

Snap here to pay

SnapScan